GOVERNMENT EMPLOYEES PENSION FUND

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEPF NEWS

THE OUTSTANDING PERFORMANCE IN THE BEST NEWSLETTER CATEGORY OF THE ANNUAL COMMUNICATION CHALLENGE BY INSTITUTE OF RETIREMENT FUNDS

Nuusbrief vir afgetrede lede van die Pensioenfonds vir Regeringswerknemers (PFRW)

Nuusbrief vir afgetrede lede van die Pensioenfonds vir Regeringswerknemers (PFRW)

Desember 2009 uitgawe

Lees alles oor die afgelope jaar in ons jongste jaarverslag:

Teen die einde van November 2009, publiseer die PFRW sy jaarverslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2009. Ter wille van pensioenarisse se gerief bevat hierdie uitgawe van PFRW se nuusbrief sommige belangrike hoogtepunte, insluitende die boodskap van die voormalige Voorsitter van die Raad van Trustees, soos dit ook in bogenoemde jaarverslag verskyn. Diegene wat die jaarverslag in sy geheel wil lees, kan die volle verslag aflaai vanaf die PFRW se webwerf by www.GEPF.co.za

Onderstaande is 'n opsomming van die verslag van die Voorsitter van die Raad van Trustees, gevolg deur opsommings van die verslae van die Fonds se Hoofbeampte, asook die Hoof- uitvoerende beampte.

Raad van Trustees hou by sy belofte aan pensioenarisse

Namens die Raad van Trustees, doen ek met trots verslag aan belanghebbendes oor prestasie van die Fonds vir die jaar geëindig 31 Maart 2009.

In ooreenstemming met my woorde soos vervat in die vorige jaar se verslag, glo die Raad daaraan om vrugte wat tydens goeie jare gepluk is, te gebruik om voorsiening te maak vir swak jare. Om dié rede het ons vooruit beplan vir 'n ekonomiese afname deur R42 biljoen opsy te sit

ten einde die mark se onbestendigheid teë te werk en R57 as reserwe te behou vir verhoging van pensioene betaalbaar aan pensioenarisse.

Hierdie benadering se waarde is bewys tydens die jaar onder oorsig: die Raad is in staat om vol te hou met sy geskiedenis van jaarlikse verhogings in bedrae wat aan pensioenarisse betaal word en wat die uitwerking van inflasie grootliks skadeloos stel.

Verhogings van pensioene toegestaan

Vir April 2009 se aanpassings, het ons 'n verhoging van 9% toegestaan aan pensioenarisse wie op of voor 1 April 2008 afgetree het, terwyl diegene wat na 1 April 2008 afgetree het, 0,75% ontvang vir elke maand vanaf hulle aftreedatum tot 31 Maart 2009. Ons het ook die posisie van pensioenarisse wie se annuïteite minder beloop het as die bedrae wat op hulle aftreedatum aan hulle betaal is, aangespreek deur inhaal-verhogings aan hulle te betaal. Sulke pensioenarisse het verhogings van tot 10,5% ontvang om inflasie se trefkrag sedert hulle aftredes skadeloos te stel.

Die Raad van Trustees het lede en pensioenarisse ook gerus gestel dat die Fonds finansieel stabiel gebly het. Soos beleggings wat gemaak word deur ander beleggers, is die PFRW se beleggings ook geraak deur die ekonomiese afswaai; die waarde van netto bates onder die Raad se bestuur het R 639 beloop in Maart 2009, vergeleke met R707 biljoen in Maart 2008. Nietemin is die Fonds se stabiliteit nie op enige stadium betwyfel nie, en daar was ook geen vooruitsig dat pensioenvoordele nadelig geaffekteer sou word nie. Ons het dit duidelik gemaak dat die Fonds solied en standvastig is en dat lede se voordele gewaarborg word.

Ons het ook ons belofte om die struktuur van die PFRW te wysig ten einde ons vermoë om die diens wat ons lewer aan lede en pensioenarisse te verbeter, verwerklik. Die verandering sal tot gevolg hê dat funksies vir die fidusiêre (beheer) aspekte en die funksies vir administrasie van pensioene in die toekoms onder twee werkspanne verdeel word. Dit stem ooreen met die beste praktyke wêreldwyd betreffende bedryf van pensioenfondse.

Beste prosedures ingestel

Die eerste stap na hierdie verandering is op 1 Junie 2008 geneem toe die Raad van Trustees die Hoofbeampte, die Hoof van Beleggings en Akturieel en die Hoof van Regsaangeleenthede en Nakoming, asook die Uitvoerende Sekretaresse, tot die Raad aangestel het. Dié span, onder leiding van Ms Maemili Ramataboe, die Hoofbeampte, staan die Raad by om te verseker dat alle wette en regulasies ten volle nagekom word, mandate vir beleggings gemonitor word en dat beheer en oorsig verbeter word.

Verbetering van dienslewering

Wanneer dit gevestig is, word voorwaartse vordering 'n belangrike funksie van die Hoof-beampte se span deur middel van hulle monitering van die diensleweringsvlak en toepaslike aktiwiteite. Dié ooreenkoms, wat tydens 2009/10 gefinaliseer word, bevat afleweringsdoelwitte vir administrasie, insluitende vasstelling van tydperke vir verwerking van eise vir voordele asook die onderskeie tydperke vir uitbetaling daarvan.

Tydens die jaar onder oorsig, het die Raad van Trustees begin om voor te berei vir die einde van sy aanstelling vir 'n vier-jaar-tydperk en om die weg te baan vir die vestiging van 'n nuwe Raad tydens 2009/10. Deel hiervan behels verkiesing van die Pensioenlid-trustee. Hierdie

verkiesingsproses het tydens Desember 2008 begin, toe die Raad pensioenarisse genooi het om kandidate te nomineer.

Ek kan met vertroue sê dat die inkomende Raad 'n fonds erf wat finansieel gesond is, goed bestuur word en oor verantwoordelike beleid betreffende beleggings beskik.

Mnr Martin Kuscus
Voorsitter van die Raad van Trustees tot 19 Junie 2009

Nuut-aangestelde Voorsitter van die Raad

Op 19 Junie 2009 kom die vier-jaar-tydperk van aanstelling van die eerste PFRW Raad van Trustees tot 'n einde, en op 22 September 2009, het die Minister van Finansies die nuwe Raad ingehuldig. Die nuut-verkose Voorsitter, Mnr Arthur Moloto, het gesê: "Namens my mede lede op die Raad, spreek ek ware waardering uit teenoor ons voorgangers vir hulle hofmeesterskap oor die Fonds, asook die skredes wat tydens hulle vier-jaar-tydperk geneem is om die weg te baan vir die PFRW om 'n rolmodel te kan word in die internasionale omgewing van pensioenfondse".

HUB doelgerig ingestel op uitstekende diens aan kliënte

PFRW se Hoofuitvoerendebeampte (HUB) het geen geheim daarvan gemaak dat ons 'n verbintenis het om groter tevredenheid van kliënte te bereik deur middel van verbeterde diens-lewering. Dit was die hooftema tydens 2008/9 in die PFRW. Dié goue draad loop deur al ons werksaamhede, vanaf bydraes se insameling, tot betaling van voordele en kliënteskakeling.

Ons het in totaal R30,4 biljoen se bydraes ingesamel van lede en werkgewers tydens die jaar en voordele ter waarde van R28,6 biljoen uitbetaal. Die grootste gedeelte van die voordele wat uitbetaal is (59,5%) is maandelikse pensioenbetalings; gevolg deur sterftevoordele en; fooie.

Een van ons grootste uitdagings is betydse uitbetaling van eise vir voordele. Alhoewel ons al aansienlike vordering gemaak het, is dit nodig dat ons hard hieraan werk in die komende finansiële jaar om te verseker dat ons eise vir voordele betaal binne die voorgeskrewe tydperk om te vermy dat ons rente betaal en te verseker dat ons lede nie sosiaal en ekonomies verontrief word nie.

Ons het vennootskappe aangegaan met werkgewers se betrokke afdelings om te verseker dat ons in die toekoms in staat sal wees om saam te werk sodat eise vir voordele betyds uitbetaal kan word.

Tydens 2008/9 het ons 'n daadwerklike poging aangewend om ons diens nader aan ons kliënte te bring. PFRW verteenwoordiging d.m.v. kantore in provinsies is vermeerder van kantore in vier tot al nege provinsies.

Ten einde interaksie met ons lede te verwesenlik, het ons uitreikingsprogramme soos toeropvoerings na gemeenskappe toe ingestel. Ons eerste toeropvoering is in Maart 2009 gehou in Soshanguve naby Pretoria. Ons het ook deelgeneem aan groot uitstallings (soos die

Pretoria Skou) en saamgewerk met radiodienste gerig op gemeenskappe vir ‘n reeks direkte uitsendings om lede en pensioenarisse te bereik.

Ten voordeel van werkgewers, het ons aanstellings gemaak van kliënte-adviseurs wat toegewyd is tot diens in regeringsdepartemente waarin daar groot aanvraag na dienste vir administrasie van pensioene is en ons het ook skakelbeamptes wat gereeld besoeke aan ander departemente kan bring, aangestel.

Vir pensioenarisse het ons ’n kortboodskapdiens (SMS-service) van stapel gestuur sodat hulle met ons kan kommunikeer oor sake betreffende sertifikaat van lewe.

In ’n ander belangrike stap betreffende dienslewering het ons begin om ’n program in werking te stel wat die gehalte van die data wat ons oor ons kliënte beskik, sal. Daar word verwag dat hierdie program talle van die probleme wat ons tans ondervind a.g.v. inligting wat swak van gehalte is en wat nie langer geldig is nie weens verouderde feite sal uitstryk want sulke inligting veroorsaak vertragings of foute tydens verwerkings en uitbetalings van eise.

Die PFRW het die jaar afgesluit met ’n vaste vastrapplek, gereed en gretig om sy doelwit - om ’n pensioenfonds te word wat die beste is in sy klas - te bereik deur uitsonderlike diens en waarde aan te bied.

Mnr Phenias Tjie
Hoof- uitvoerende beampte

Ontmoet die Hoofbeampte en haar span

Op 1 Junie 2009 het die Raad van Trustees Maemili Ramataboe aangestel as Hoofbeampte van die Fonds, en ook vir John Oliphant as Hoof; Beleggings en Aktuarieel, en ook vir Joelene Moodley as Hoof: Regsaangeleenthede en Nakoming, asook vir Adri van Niekerk as Hoof: Uitvoerende Sekretaresse aan die Raad van Trustees. Hierdie span staan die Raad by om sy fidusiêre en toesighoudende verpligtinge uit te voer deur te alle tye op te tree in lede en pensioenarisse se belange. In die volgende nuusbrief vertel ons vir u meer oor die Hoofbeampte en haar verantwoordelikhede.

Nuwe trustees neem hulle sitplekke in op PFRW se Raad

Op 22 September 2009, het die Minister van Finansies die nuwe Raad van Trustees vir die PFRW ingehuldig. Hierdie nuwe Raad se vier-jaar-tydperk van trusteeskap is effektief tot September 2013.

Ooreenstemmend met wetgewing oor regeringsdepartemente se pensioenfonds, bestaan dié Raad uit 16 Trustees, gelei deur ’n verkose Voorsitter en Ondervoorsitter.

Elke Trustee het ’n verkose/aangestelde plaasvervanger, wat verseker dat verpligtinge teenoor die onderskeie mense wat verteenwoordig word, deurgaans ten volle en behoorlik nagekom word. Die Trustees van die Raad wat ingehuldig is op 22 September 2009, is as volg:

Genomineer deur die werkgewer	
Naam	**Naam**
Trustee	**Plaasvervanger vir Trustee**
Ms M Mbina-Mthembu	Ms R Rashikhinya
Mnr K Govender	Ms V Vumendlini
Mnr A Moloto	Ms VM Rennie
Mnr S Padayachee	Ms G Modise
Dr ML Ledwaba	Mnr J D Griesel
Ms M Moses	Mnr Z J Sithole
Ms C Khuzwayo	Mnr E Masilela
Ms F Petersen	Mnr J Andrew
Genomineer deur werknemers	
Naam	**Naam**
Trustee	**Plaasvervanger vir Trustee**
Mnr P Badal	Ms P Mogotsi
Mnr S Tshabalala	Mnr T Ntola
Mnr H Murray	Mnr S Mataitsane
Brigadier General A L de Wit	Ms II Mahlwele
Mnr RED Williams	Mnr MP Sello
Mnr M Kwinika	Mnr J Matam
Mnr P Mngconkola	Mnr D Bout
Dr Frans le Roux	Mnr H Koekemoer

Verteenwoordigend van pensioenarisse op die Raad van Trustees

Alle deurslaggewende besluite oor PFRW pensioensake word geneem deur die Raad van Trustees, wat 16 lede het. Agt van hierdie lede verteenwoordig die regering as die werkgewer en agt verteenwoordig PFRW-lede en pensioenarisse.

Van die agt Trustees wat lede en pensioenarisse verteenwoordig, words ses gekies uit arbeidsverteenwoordigers op die Openbare Diens Koördinering- en Bedingingsraad. Die ander twee bestaan uit ’n lid wat pensioenarisse verteenwoordig en ’n lid wat die dienste in uniform verteenwoordig, waarvan beide verkies word. Die Trustee verteenwoordigend van pensioenarisse word tot die raad verkies deur PFRW pensioenarisse met stembriefies per pos.

Die Trustee wat pensioenarisse op die nuwe Raad verteenwoordig is Dr Frans le Roux. Sy plaasvervanger is Mnr Hennie Koekemoer. Beide is in die verkiesing wat in April en Mei 2009 plaasgevind het verkies deur hulle mede-pensioenarisse.

Raad is verantwoordelik vir beskerming van u belange

In die vorige uitgawe van GEPN Nuus, het ons belowe om vir u meer te vertel oor die werk van die PFRW Raad van Trustees. Kortom: die Raad is verantwoordelik vir beskerming van die belange van PFRW lede en pensioenarisse.

Die Raad doen dit deur seker te maak dat die PFRW behoorlik en doeltreffend bestuur word, ooreenstemmend met wetgewing en reëls oor pensioene vir werknemers van die regering.

Sommige van die belangrikste take van die Raad van Trustees is om te:

- Verseker dat beheermaatreëls van krag is sodat die bates van lede en pensioenarisse beskerm word.
- Kommunikeer met lede en pensioenarisse oor hulle regte betreffende pensioenfonds, voordele en regte, asook hulle pligte.
- Sorg dat daar behoorlik boek gehou word van alle geld wat ontvang word en uitgegee word deur die PFRW, en seker te maak dat die jaarlikse finansiële state behoorlik ge-oudit word, en een keer per jaar verslag te doen aan die Parlement oor die PFRW se finansiële en administratiewe werkverrigting.
- Bepaal wat is die PFRW se beleid betreffende belegging en die manier waarop PFRW fondse belê word te monitor.
- Sien dat geskikte personeel aangestel word om die PFRW se beleggings te bestuur en pensioen en ander voordele te administreer.
- Sorg dat 'n aktuaris aangestel word om die Fonds se waarde te bepaal en seker te maak dat sulke evaluasies ten minste elke drie jaar gedoen word.
- Besluit oor die salarisse en diensvoorwaardes van almal in diens van die PFRW.

PFRW se toeropvoerings onder pensioenarisse keer op keer 'n treffer

Sedert ons eerste besonder suksesvolle toeropvoering vir pensioenarisse tydens Maart 2009 in Soshanguve, het PFRW vier ander toeropvoerings op verskeie plekke in die land gehou. Tot nou toe het die FEPF lede en pensioenarisse betrek in: Mafikeng in Noord-Wes, Polokwane in Limpopo, Galeshewe in the Noord-Kaap en Botshabelo in die Vrystaat.

Te oordeel aan bywoning en lede se betrokkenheid, is dit bewese dat toeropvoerings nodig en voordelig is om pensioenarisse se navrae aan te spreek en om algemene inligting oor die Fonds te voorsien.

Ons sal volgende jaar verdere toeropvoerings aanbied regoor Suid-Afrika en pensioenarisse sal lank vooruit in kennis gestel word oor wanneer die PFRW besoek sal bring aan die afsonderlike areas waarin pensioenarisse woon.

Ons bedank graag alle pensioenarisse wat tot dusver ons toeropvoerings bygewoon het.

Blitslyn teen bedrog word al hoe warmer

Die PFRW het 'n blitslyn ingestel teen bedrog. Pensioenarisse, lede en mense uit die gemeenskap kan dit gebruik om enige vorm van korrupsie, bedrog on onetiese gedrag te rapporteer. Oproepe gemaak op hierdie blitslyn is gratis en diegene wat skakel hoef nie eers hulle name te verstrek wanneer hulle 'n saak aangee nie.

Die blitslyn se nommer is **0800 43 43 73 (0800 43 PFRW**) en oproepe word 24 uur per dag beantwoord.

Alle oproepe word as streng vertroulik behandel en klaers wat skakel kan anoniem bly indien hulle dit wil doen. Om gemoedsrus te verskaf aan mense wat gebruik maak van die blitslyn het

die PFRW ‘n firma ouditeurs met die naam KPMG aangestel om die blitslyn teen bedrog onafhanklik van die PFRW te bedryf. Die blitslyn word bedryf vanaf ’n veilige ligging en blitslyn-telefoniste is opgelei om te verseker dat die identiteit van mense wat skakel beskerm bly.

Om die PFRW blitslyn te gebruik, volg asseblief onderstaande stappe:

1. Skakel **0800 43 43 73** tolvry vanaf enige Telkom telefoon.
2. U kan anoniem bly, maar verstrek asseblief volle besonderhede aan die blitslyn se telefonis operateur betreffende die bedrog, korrupsie of onetiese gedrag wat u rapporteer. Sulke detail kan insluit:

    - **Wie** is betrokke of doen wat?
    - **Wat** het gebeur?
    - **Hoe** is dit gedoen en hoe dikwels?
    - **Waar** word dit gedoen?
    - **Wanneer** is die insident waargeneem?
    - **Waarde betrokke** – geldwaarde.
3. ’n Verwysingsnommer sal aan u gegee word. Hou die nommer konfidensieel aangesien u dit sal nodig kry indien u ’n opvolg-oproep maak by ’n later geleentheid om bykomende inligting tot u aanvanklike verslag te voeg of vir ’n terugvoer-oproep (oproep op later stadium om terugvoer oor u oorspronklike oproep aan te vra).

U kan ook besonderhede anoniem faks aan ’n konfidensiële faksnommer (wat ook bedryf word deur KPMG). Indien u van hierdie metode gebruik wil maak, sluit asseblief so veel besonderhede as moontlik in, insluitende dat dit wat u rapporteer handel oor die PFRW.

Fakse kan gestuur word aan **0800 200 796**

Besonderhede kan posvry gepos word aan die volgende adres:

KPMG Blitspos, BNT371, Posbus 14671, Sinoville, 0129

Inligting kan ook anoniem per e-pos gestuur word aan die volgende adres:
ethicsline@kpmg.co.za

PFRW dring by u aan om die tolvry nommer te gebruik om enige insidente van bedrog, korrupsie, of onetiese praktyke te rapporteer. Moenie erosie wat praktyke om die eintlike waardes wat ons in stand wil hou verwoes, in stilswye waarneem nie.

Help PFRW om bedrog, korrupsie en onetiese gedrag hok te slaan.

Neem asseblief kennis dat geen navrae oor pensioenfonds op die Blitslyn beantwoord kan word nie. Navrae oor pensioen moet eerder regstreeks gerig word aan PFRW se oproepsentrum by **0800 117 669** of deur besoek te bring aan enige kantoor van PFRW.

Aankondiging: die PFRW maak nuwe kantoor oop in Kimberley

Deur die oopmaak van ’n kantoor in die Noord-Kaap, het die PFRW teenwoordigheid in al nege provinsies van Suid-Afrika bewerkstellig. Sodanige landwye teenwoordigheid is ’n deurslag-gewende stap vorentoe van die PFRW se strategie oor Verwantskappe met Kliënte. Dit neem ons diens na ons kliënte toe, eerder as om te verwag dat ons klante na ons toe moet kom.

Ons kantoor in Kimberley is op 1 Oktober 2009 geopen deur die PFRW se Hoof- uitvoerende beampte, Mnr Phenias Tjie. Dié nuwe kantoor is net ’n hanetreetjie vanaf die internasionaal beroemde Groot Gat by 11 Ou Hoofstraat in Kimberley geleë. Ten einde die adresse van ander provinsiale en satellietkantore van PFRW te vind, lees asseblief “Waar om ons te besoek” in hierdie nuusbrief.

U taalvoorkeur maak saak vir ons

Dankie aan alle pensioenarisse wat vir die PFRW gesê het watter taal hulle verkies.

Die PFRW het gevra vir hierdie inligting as deel van ons versoek aan pensioenarisse om al hulle persoonlike besonderhede by te bring tot huidige omstandighede. As gevolg van die groot aantal vorms wat ontvang is, is ons nog steeds besig met evaluasie en oudit van die reaksie en ons hoop om hierdie taak in die nabye toekoms klaar te maak.

Intussen sal u steeds die Engelse weergawe van die nuusbrief ontvang en alle pensioenarisse wat hulle voorkeur vir ’n ander taal aangedui het, sal toegang hê tot ’n tweede weergawe. Dit sal ’n gewone swart en wit kopie van die nuusbrief in u gekose taal wees. Dit sal op ons webwerf verskyn en kan ook per e-pos gestuur word aan pensioenarisse wat versoek dat dit gedoen word.

Wanneer die proses van data bybring tot op hede en oudit daarvan gefinaliseer is, sal ons alle pensioenarisse in kennis stel oor die uitkoms van ons ondersoek na taalvoorkeur. Ons doel is om seker te maak dat ons op die ou ent ’n kostedoeltreffende maatstaf het vir die druk van ons nuusbriewe.

Stuur asseblief u sertifikaat van leef betyds aan ons

Talle pensioenarisse wag nog steeds tot op die laaste nippertjie om hulle sertifikaat van leef aan die PFRW te pos. Dit skep ’n probleem want laat aankoms van ’n sertifikaat van leef kan daartoe lei dat betaling van pensioen tydelik stopgesit word. Help ons asseblief om so ‘n situasie te vermy deur u leefsertifikaat betyds te pos en neem die moontlike vertragings van pos wat ervaar kan word, in aanmerking.

Gebruik van sertifikaat van leef is ingestel om die PFRW in staat te stel om die bestaan van ons pensioenarisse te bevestig. Dit is nodig omdat, in sommige gevalle, sterftes nie betyds deur naasbestaandes en kurators gerapporteer word nie.

Dit het tot gevolg dat te veel pensioen betaal word wat verlies aan die PFRW veroorsaak. Versuim om ŉ leefsertifikaat in te dien het ongelukkig die opskorting van pensioenbetalings tot gevolg.

Wanneer u, u leefsertifikaat instuur, onthou asseblief om altyd die oorspronklike dokument in te dien, asook ŉ gesertifiseerde kopie van u ID-dokument, tesame met die vereiste inligting. Ons spreek ons dank uit aan alle pensioenarisse wat hulle sertifikaat van leef betyds ingedien het.

Wees op die uitkyk vir u pensioenariskaart

As deel van ons poging om die beste moontlike diens aan pensioenarisse te lewer, is die PFRW besig met ‘n proses om pensioenariskaarte met ŉ nuwe voorkoms uit te reik. Daar word verwag dat hierdie pensioenariskaarte vanaf Januarie 2010 per pos versprei sal word. U behoort u pensioenariskaart te toon wanneer u ook al ŉ kantoor van PFRW besoek en u sal ook in staat wees om u kaart te gebruik waar u aansoek doen vir afslag aan u as pensioenaris, en waar ook al toepaslik.

Kompetisiewenners aangekondig

Veels geluk aan die wenners van ons Goeie Gehalte Kliëntinligting. Dié kompetisie is gehou as deel van die PFRW se versoek aan pensioenarisse om die vorms vir insamel van inligting wat vroeër vanjaar versprei is, te voltooi en aan ons terug te stuur. Reaksie deur pensioenarisse was uitstekend en sal die PFRW help om die gehalte van inligting wat ons oor kliënte het, te verbeter. Inligting van goeie gehalte is belangrik omdat dit vertragings van en foute betreffende uitbetaling van pensioene verminder.

Die kompetisie was vanaf Augustus tot Desember 2009 aan die gang. Die wenners kon kies uit drie pryse: naamlik, ‘n digitale kamera, ŉ selfoon of ‘n mandjie kruideniersware.

Wenners vir Juliemaand 2009:

- Vivian Kolokolo, Molaoa Mokhele, Marry Motebele, Sylvia De Vries, Freddie Vaax, Puoetsile Lobese, Hendrik Burger en Caroline Msomi.

Wenners vir Augustusmaand 2009:

- Vuyani Kali, Deliwe Dlamini, Ockert Brits, Mamogoane Mosoane, Makupa Sehlako, Tomeletso Mase, Matlhodi itumeleng, Isabelle Tupper en Thekla Marcus.

Die PFRW moet nog die wenners vir September, Oktober, November en eindelik Desember bekend maak. Bogenoemde wenners is reeds almal in kennis gestel.

Onthou: bring u persoonlike besonderhede op datum

Waar om ons te besoek:

GAUTENG

PFRW HOOFKANTOOR

Faks: (012) 326 2507

PFRW Privaatsak X63

Pretoria, 0001

Hamiltonstraat 34

Arcadia, Pretoria

JOHANNESBURG (SATTELIETKANTOOR)

2de Suite, 2de VERDIEPING

Lunga-gebou

Marshallstraat/ 124 h/v Eloff

Gandhiplein-omgewing

Marshalltown

MPUMALANGA

Grondverdieping, Caltex-gebiou,

Bellstraat 32,

Nelspruit

LIMPOPO

Bokstraat 87(a),

Polokwane

NOORD-WES

(MAFIKENG)

Kantoor Nommer 4/17

Megastad

Mmabatho

OOS-KAAP

BISHO

Winkel Nommer 12

Global Life Gebou,

Circular Drive, Bisho

MTHATHA (SATTELIETKANTOOR)

Kamer 54, 8te verdieping

PRD-gebou, Sutherlandstraat

Mthatha

PORT ELIZABETH

Grondverdieping, Kwantu-torings

Markplein

Port Elizabeth

WES-KAAP

KAAPSTAD

21ste Verdieping

Thibaultplein Nommer 1

Kaapstad

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

President Brandstraat 2

Bloemfontein

KWAZULU- NATAL

PIETERMARITZBURG

3de Verdieping, Brasfort-gebou

Langalibalelestraat 62,

Pietermaritzburg

DURBAN (SATTELETKANTOOR)

Salman Grove

Smithstraat 407

Durban

NOORD-KAAP

KIMBERLEY

Old Mainstraat 11

Kimberley

PFRW Oproepsentrum se nommer: Let asseblief daarop dat ons oproepsentrum se nommer 0800 117 669 toepaslik is op al ons kantore.

Teenspraak/ontkenning

Inligting wat in hierdie dokument voorsien word, word beskerm deur toepaslike wette op intellektuele eiendom en mag nie gekopieer, versprei of verander word vir doelwitte betreffende wins maak nie. Alhoewel hard probeer is om seker te maak dat die inligting wat hierin bevat word huidiglik, redelik en akkuraat is, kan dit nie gewaarborg word nie. Die gebruik van hierdie inligting deur enige derde party sal algeheel volgens die derde party se diskresie wees en is slegs van feitelike aard. Die inligting wat hierin bevat word, konstitueer nie finansiële raad soos beskou kragtens die Wet op Finansiële Advies en Bemiddeling van 2002 nie. PFRW beveel of stel nie voor dat produkte of dienste waarna daar hierin verwys word per implikasie of uitdruklik aangewese is vir die besonderse behoeftes van enige derde party nie.

Died PFRW aanvaar nie enige aanspreeklikheid as gevolg van enige verlies, skade, kostes en uitgawes wat verduur. of direk of indirek, aangegaan word as ’n gevolg van enige fout of weglating wat hierin bevat word nie.